IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

S.P. DE BEER ........................ Appellant

EN

DIE STAAT ........................... Respondent

Coram: CILLIé, HEFER, ARR et VIVIER Wn AR

Verhoor: 20 September 1984

Gelewer: 6 November 1984

---

# U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Die appellant kom in hoër beroep teen sy skuldigbevinding aan diefstal in die streekhof op

Tzaneen .... / 2.

Tzaneen. Hy het na die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof geappelleer. Daar is sy appèl van die hand gewys maar hy is verlof verleen om na hierdie Hof te appelleer teen sy skuldigbevinding.

Die klagstaat waarop die appellant tereggestaan het en skuldig bevind is, is deur nadere besonderhede aangevul en het soos volg gelui:

Op of omtrent Desember 1980 - die presiese datum is aan die Staat onbekend - het die beskuldigde wederregtelik 20 gebruikte, oranjekleurige ysterpype van $6^1/2$ meter by 3 duim self op een of meer geleenthede verwyder en gesteel vanaf die perseel van Lulukop Ingenieurswerke, soos aangewys deur Foskor; die pype was die eiendom van Foskor en in die besit

van Foskor (of die beskuldigde). Die pype is op 27 Oktober 1981 op 'n perseel in Letsitele in besit van die beskuldigde gevind.

Op hierdie aanklag het die appellant onskuldig gepleit. Sy regsverteenwoordiger het die verhoorhof meegedeel dat hy geen verklaring ooreenkomstig die bepalings van art 115 van die Strafproseswet, no 51 van 1977, wou doen om die grondslag van sy verdediging aan te dui nie. Die hof is verder in kennis gestel dat sekere erkennings later gedoen sou word. Die skriftelike erkenning wat toe in die loop van die verhoor ingedien is lui soos volg:

"Die verdediging erken dat die pype waarna in die klagstaat verwys word, oorspronklik deel gevorm het van die reagens pyplyn wat aan Foskor behoort

het en deur Foskor op 'n stadium afgebreek is en as skroot besit is soos deur die staatsgetuies tot dusver beskryf is."

Daar word dus nie erken dat die pype wat op die appellant se perseel gevind is, op daardie stadium of toe hulle vroeër in die appellant se besit gekom het, nog aan Foskor behoort het, of dat hulle van Foskor gesteel is nie.

Tydens die kruisondervraging van staatsgetuies het die ondervraer verwys na getuienis wat die appellant en 'n sekere mnr Boshoff sou lewer. Na afhandeling van die Staat se saak, egter, is die appellant se saak gesluit sonder dat enige getuienis deur of namens hom afgelê is. Dit blyk nie uit die oorkonde dat enige aansoek om die ontslag van die

appellant gedoen is voordat sy saak gesluit is nie. Hy is aan die diefstal van die twintig pype skuldig bevind. Die opgelegde straf, wat ietwat verwarrend in die vonnis gestel en foutiewelik op die klagstaat weergegee is, was die volgende: ŉ Boete van R120,00 of 30 dae gevangenisstraf opgeskort vir drie jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word aan diefstal of bedrog of ŉ poging tot diefstal of bedrog gepleeg gedurende die opskortingstydperk nie, en waarvoor gevangenisstraf (vermoedelik sonder die keuse van ŉ boete) opgelê word. Die straf het geen verdere aandag nodig nie aangesien daarteen nie geappelleer word nie. Sover dit die skuldigbevinding aangaan is dit die appellant se standpunt dat die Staat nie sy skuld

bo redelike twyfel bewys het nie; derhalwe moet hierdie Hof al die getuienis wat voor die verhoorhof geplaas is, in oënskou neem.

By 'n waardebepaling van die getuienis is twee aangeleenthede veral van besondere betekenis. Die eerste is die leuens wat die appellant by die ondersoek na die misdryf sou vertel het en die tweede sy stilswye by sy verhoor. Verder is dit belangrik dat, in 'n geval soos hierdie een, die volgende riglyne in gedagte gehou word; hierdie en ander verwante riglyne word met die aanhaling van die nodige gesag saamgevat in Hiemstra, S A Strafproses, derde uitgawe, p 272-273 en p 315-318; Landsdown and Campbell, S A Criminal Law and Procedure, vol v p 523-525 en p 912-913; en Hoffman and Zeffert, Law of Evidence, 3rd

edition pp 460 en 461.

1. Die feit dat die appellant as beskuldigde geen pleitverduideliking aangebied of geen getuienis by sy verhoor afgelê of gelei het nie, kan nie 'n wesenlike gebrek in die Staat se saak aanvul nie. Die bewyslas rus nog op die Staat om al die elemente van die misdaad, en so die beskuldigde se skuld, bo redelike twyfel te bewys.

2. Leuens wat 'n beskuldigde voor sy arrestasie, bv oor sy besit van die gesteelde artikels, vertel het, kan ook nie wesenlik gebrekkige getuienis aanvul nie.

3. Getuienis word nie aanvaarbaar slegs omdat dit nie weerspreek of weerlê is nie.

4. Wanneer die Staat se saak op omstandigheidsgetuienis berus, soos in die onderhawige geval, en daar bestaan 'n mate van twyfel of die *prima facie* bewys wat die beskuldigde impliseer, sodanig is dat dit ook sy skuld bo redelike twyfel stel, dan is sy stilswye en sy leuens, soos hierbo vermeld, omstandighede wat saam met al die ander tersaaklike getuienis en omstandighede oorweeg moet word by die besluit of die beskuldigde se skuld bewys is.

5. Indien 'n beskuldigde swyg wanneer hy die enigste persoon is wat aantygings teen hom kan verduidelik of met gemak sou kon weerlê as hy onskuldig was, kan sy swye as 'n faktor teen hom in die weegskaal geplaas word.

6. Dit is nie die taak van die hof om

na verduidelikings te soek vir 'n beskuldigde wat geswyg het nie.

Volgens die getuienis het Foskor nie die pype van die ou pypleiding gebruik nie maar dit as skroot aan die publiek verkoop. Die onverkoopte pype is geberg op 'n perseel wat Foskor op sy terrein toegewys het aan Lulukop Ingenieurswerke (hierna Lulukop genoem). Lulukop het as 'n kontrakteur werk vir Foskor onderneem en verrig. Die appellant was in diens van Lulukop en ten tye van die beweerde diefstal was hy die voorman op die perseel. Toe die pype later op sy kleinhoewe by Letsitele gevind is, was hy nie meer 'n werknemer van Lulukop nie maar 'n mededingende kontrakteur.

Foskor se terrein, en dus ook Lulukop se perseel, was met 'n veiligheidsheining omring. Daar was net een uitgangshek. Getuies het verklaar dat dit besonder moeilik was om met materiaal en goedere by hierdie hek uit te kom. Selfs Lulukop se werkers het glo gesukkel om hul eie gereedskap uit te neem. Permitte was nodig om enigiets deur die hek na buite te verwyder. 'n Getuie het verduidelik dat hy vir die verkoop van skroot aan kopers kwitansies uitgereik het en dat dié kwitansies dan gebruik was om permitte vir die verwydering van gekoopte goedere te verkry. Die getuie kon nie onthou of hy sulke kwitansies ten tye van die beweerde diefstal uitgereik het nie; hy het toegegee dat ander amptenare ook kwitansies vir die verkoop van

skroot kon uitreik.

Die Staat het 'n sekere Elmond Teku as getuie opgeroep. Hy was in diens van Lulukop en veral met die laai van goedere by die perseel gemoeid. Hy het getuig dat hy gedurende Desember 1980 in opdrag van die appellant groot pype op 'n vragmotor moes laai. Hierdie pype, met 'n deursnee van 15 tot 18 duim, moes na 'n werksplek buite Foskor se terrein vir herstelwerk geneem word. Daar was ook kleiner pype van die ou pypleiding om op te laai. Omdat die groot pype die bak van die vragmotor vol gelê het, was daar geen plek vir die kleiner pype nie. Die appellant het die getuie toe opdrag gegee om die kleiner pype binne in die groot pype te plaas. Volgens Teku het net die punte van die kleiner pype by die

groot pype uitgesteek. Die laaiwerk het openlik by die perseel plaasgevind. Toe Teku gevra is of die bestuurder van die vragmotor 'n permit vir die vrag gehad het, was sy antwoord: "Ja, hy moes een gehad het, nie so nie, sou hulle nie toegelaat het dat hy deur die hek gaan nie." Daar was geen getuienis oor die volgende aspekte van die voorval nie; of daar 'n kwitansie of permit vir die verwydering van die kleiner pype was of nie; of die kleiner pype by die hek deurgelaat is; of hulle buite die hek afgelaai is en, indien wel, waar; of sulke pype uit die voorraad van Foskor toe of later vermis is; of die kleiner pype op so'n manier in die groter pype versteek kon word dat hulle nie by die hek opgemerk sou word nie; en of die pype wat opgelaai is, dieselfde pype is as die

wat later in besit van die appellant gevind is. Tydens kruisverhoor is aan Teku gestel dat die appellant sou getuig dat die voorval nooit plaasgevind het nie; die appellant het glad nie getuig nie. Na 'n soortgelyke geval met betrekking tot getuienislewering word later verwys. By 'n oorweging van al die relevante omstandighede het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die getuienis van Teku aanvaar moet word. Daardie getuienis regverdig egter nie 'n gevolgtrekking dat die appellant die kleiner pype met 'n dieftige opset laat oplaai het nie. Die enigste redelike afleiding van Teku se getuienis is dat sulke pype miskien op so'n wyse sonder 'n permit van Foskor se terrein verwyder sou kon word en dat die appellant daarvan bewus moes gewees het.

Teku het ook getuig dat hy pype soortgelyk aan die kleiner pype wat hy op die vragmotor gelaai het, by die appellant se huis, etlike kilometers van Foskor se terrein af, gesien het. Die pype het openlik langs die huis gelê. Daar is nie bewys dat hierdie pype dieselfde pype was wat op die vragmotor gelaai , of wat in die appellant se besit gevind is nie. Te oordeel na die kruisondervraging gee die appellant toe dat sulke pype by sy huis gelê het. Hoewel hy in staat was om dit te doen, het hy nie aan die hof verduidelik watter pype dit was en waarom hulle daar gelê het nie. Van hierdie feite kan geen gevolgtrekking ten gunste van of teen die appellant afgelei word nie.

Laat in 1981 het Foskor 'n klagte van die diefstal van pype by die polisie aanhangig gemaak. Die saak is deur speurder-sersant Potgieter van die S A Polisie ondersoek. Op 27 Oktober het Potgieter as ondersoekbeampte na die appellant se kleinhoewe te Letsitele gegaan. Na 'n soektog het hy twintig oranje-kleurige pype aan die onderpunt van 'n land gevind. Hulle was met takke toegepak en versteek. Potgieter het 'n aantal foto's van die pype geneem en die appellant toe gaan opsoek. Hy het aan die appellant gesê dat hy 'n klagte van diefstal van pype ondersoek en hom gevra "of hy enigiets weet van pype, oranje-kleurige pype wat daar op sy plot mag wees." Die appellant het geantwoord dat hy geen kennis daarvan dra nie.

Toe die foto's aan hom getoon is, het hy verklaar dat daar 'n komplot teen hom gesmee is; hy het gevra dat hy toegelaat word om met 'n verteenwoordiger van Foskor te praat. Hy het gesê dat hy nie weet van iets onwettigs in verband met die pype nie maar as daar iets onwettigs was wou hy dit regstel. Later is hy met Potgieter na sy kleinhoewe toe; op pad het hy verklaar dat hy nie weet waar die pype was nie.

Potgieter het die appellant na 'n sekuriteitsbeampte van Foskor, ene Van der Westhuizen, geneem en hom toegelaat om alleen met hierdie persoon te praat. In die gesprek wat gevolg het, het die appellant herhaal dat daar 'n komplot teen hom was en het hy gevra dat daar nie met die ondersoek van die

saak voortgegaan moet word nie. As rede het hy aangegee dat hy, as 'n kontrakteur, nie moeilikheid met Foskor wil hê nie. Hy het aangebied om die pype aan Foskor terug te gee; dit het hy dan ook later die dag deur 'n bestuurder met sy vragmotor laat doen. As 'n verdere rede waarom die ondersoek liewer gestaak moes word, het hy aangevoer dat daar te veel mense is wat teen hom sal getuig. In hierdie verband het hy die naam van 'n sekere Willie Faasen genoem. Volgens Van der Westhuizen het hy ook gesê dat "Faasen die pype weggery het en dit op 'n latere geleentheid aan hom gegee het."

Die Staat het Faasen as getuie opgeroep. Onder eed het hy die appellant se aantyging ontken. Tydens die kruisondervraging is aan Faasen gestel

dat die appellant en die genoemde mnr Boshoff sou getuig dat hy, Faasen, in hulle teenwoordigheid sou gesê het dat hy die pype aan die appellant as geskenk gegee het. Faasen het dit ontken en nòg die appellant nòg Boshoff het getuig. As 'n staatsgetuie getuienis ontken wat aan hom gestel word as synde getuienis wat 'n verdedigings-getuie later sou lewer, dan het die gestelde getuienis weinig, indien enige, bewyskrag of weerleggingswaarde as dit nie onder eed bevestig word nie. Na oorweging van al die relevante omstandighede is ek van mening dat Faasen se getuienis dat hy nie die pype verwyder en aan die appellant gegee het nie, nie weerlê is nie en aanvaar moet word. Die getuienis van Potgieter en Van der Westhuizen is nie in kruisondervraging betwis nie en word ook aanvaar.

By .... / 19

By 'n oorweging van al hierdie getuienis en omstandighede is dit nie nodig om aandag te skenk aan die leerstuk van "onlangse besit" nie; die pype is ruim tien maande na die beweerde diefstal eers in besit van die appellant gevind. Nogtans is sy besit van die pype van die grootste belang. Hy het sy besit probeer versteek, probeer wegpraat en probeer verskoon. Daar is geen bewys dat dieselfde pype ooit langs sy huis naby Foskor se terrein gelê het nie. Dit is uiteindelik elders op sy kleinhoewe gevind; dit was onder takke weggesteek. Hy alleen kon verduidelik het waarom die pype na Letsitele geneem en daar weggesteek is. Hy het ook 'n leuen vertel oor sy besit toe hy ontken het dat hy iets van die pype weet. Hy alleen is verant-

woordelik vir die onvermydelike gevolgtrekking dat sy besit van die pype nie onskuldig was nie en vir die verwerping van sy verklaring aan Potgieter dat hy nie bewus was van enigiets "onwettigs" in verband met die pype nie. Indien daar werklik 'n komplot teen hom gesmee was en dit hierdie gevolgtrekking kon beïnvloed het, moes hy dit aan die verhoorhof voorgelê en verduidelik het. Dit kon hy doen maar hy het nie; dit was nie die verhoorhof se taak om oor so'n moontlikheid te bespieël nie.

Tydens die ondersoek na die misdryf het die appellant die skuld vir die verwydering van die pype uit Foskor se besit op die skouers van Faasen gepak. Faasen het die aantyging onder eed ontken; die appellant het nie getuig nie. Soos reeds aangedui is Faasen se

getuienis aanvaar. In die afwesigheid van enige verduideliking deur die appellant is dit 'n geregverdigde gevolgtrekking van al die getuienis dat die appellant verantwoordelik was vir die verwydering van die pype.

Ten slotte is daar die feit dat die appellant die pype aan Foskor teruggegee het. Daar is geen aanduiding dat hy dit gedoen het in die uitvoering van 'n ooreenkoms dat hy daardeur nie sy kontrakwerk sou verloor of nie vervolg sou word nie. Hy alleen weet waarom hy dit gedoen het en hy het die verhoorhof nie in sy vertroue geneem nie. In die omstandighede is dit 'n geregverdigde gevolgtrekking dat hy dit gedoen het omdat hy oortuig was of geweet het dat Foskor die regmatige eienaar van die pype was.

Die verhoorhof is nie ingelig van wanneer af hy geweet het dat Foskor die regmatige eienaar was nie. Van sy versteking van die pype en sy leuens oor sy besit daarvan, kan afgelei word dat hy geweet het wie die eienaar was solank as hy in besit van die pype was.

Na my mening is dit duidelik van die geheelbeeld van die getuienis, die omstandighede en die geregverdigde gevolgtrekkings dat die appellant die pype met 'n dieftige opset bekom en behou het en dat hy derhalwe tereg aan diefstal skuldig bevind is. Die appèl kan dus nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P.M. CILLIé, AR

HEFER, AR )
VIVIER, Wn AR ) stem saam